**Skriflesing:** Psalm 116
**Tema:** Dankie Here

Psalm 116 behoort aan ‘n groep Psalms (Ps 113-118) bekend as Hallel Psalms. Hierdie Psalms is gereeld by groot Joodse godsdienstige feeste gebruik. Dit is waarskynlik dat Jesus en sy dissipels die lied gesing het voordat hulle die bovertrek verlaat, vertrek het na Getsemané en Hy kort daarna verraai en gearresteer is.

**Skriflesing:** Ps 116
Die Heidelbergse Kategismus, Sondag 1, Vraag 2 vra: Hoeveel dinge moet jy weet om in die troos dat jy aan Jesus Christus behoort, gelukkig te lewe en te sterwe? En antwoord dan dat elkeen van ons die volgende 3 dinge moet weet:

- hoe groot my sonde en ellende is,
- hoe ek van al my sonde en ellende verlos word en
- hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees.

Dit is waaroor Ps 116, lydenstyd en Paasnaweek gaan.

Die Ps skrywer ervaar aan sy eie lyf hoe groot die slegte gevolge van sonde is.

Ons kan maar net bespiegel oor die realiteit waarin die skrywer homself bevind het toe hy hierdie goed ervaar het. Feit bly staan dat dit met hom baie sleg gegaan het. Hy skryf van bande van die dood wat hom omsluit en doodsangs wat hom aangegryp het. Vrees en verdriet het hom oorweldig. Hy het benoud en bekommerd geword.

Wat doen hy wanneer hy op ‘n slegte plek en moeg en moedeloos is? Hy doen die enigste wyse ding wat daar is om te doen. Hy hou in geloof aan Here vas.
Ons lees in Psalm 16:7 en 10-11:
“[7]Ek moet nou tot rus kom, die Here het goed aan my gedoen:”
“[10]Ek het in U bly glo, selfs toe ek gedink het dit is klaar met my [11]en toe ek in my vertwyfeling besef het: ek kan op geen mens staatmaak nie. Hy roep: “Here, red my tog!”

Vanaand is ek en jy weer voor Here en smeek in woorde van Romeine 7:24-25:
“Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?”
En genadiglik weet ons wat die Antwoord is:
“Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here.”

Ek hou aan die Here vas. Ek roep na Hom. En ek weet en ervaar saam met die Psalm skrywer:
Die Here is genadig en regverdig. Hy ontferm Hom oor ons.

Hy doen dit sonder enige verdienste of bydrae van ons kant. Hy is die groot Ontfermer. Dit is Wie Hy is.
Waar ons magteloos staan, is Hy ons enigste en volkome Redder.
Hy red.
Hy beskerm hulpeloses.
Hy waak oor die belange van die weerloses.
Hy ontferm en help.
Hy verhoor smeekgebede.
Hy is die Groot Oorwinnaar wat sy vyand, die dood, van my en jou as sy prooi beroof het.
Hy maak ‘n einde aan trane.
Hy sorg dat ons nie weer struikel nie.

Want dit is Wie die Here is.

In 2 Timoteus 2:13 staan dit so mooi: “as ons ontrou is – Hy bly getrou: Hy sal ons nooit in die steek laat nie – dit is nie wie Hy is nie.” Dit is die boodskap van die kruis. Hy verseker ons daarvan by nagmaal.

Hierdie weldade van God werk by die Psalm skrywer lewensvernuwing. Hy vind weer sin en vreugde in ‘n lewe in die teenwoordigheid van die Here.
Net in 3 Psalms, Psalm 18; 97 en 116 word direk gepraat van die Psalm skrywer se liefde vir God. Psalm 116 begin met treffende belydenis: “Ek het die HERE lief.”
Die Psalm skrywer wil die Here loof met 'n drankoffer, hy wil drank op die altaar uitgegiet. Hy wil die Here ook loof met ‘n dankoffer.

Die weldade van God verander ook vir ons. By die ontvangs van so ‘n oorvloed van genade en liefde, kan ons nie anders as om dankbaar te reageer nie.
Dit is ‘n WOW ervaring om uit die Here se oorvloed te leef!
Net soos die Psalmskrywer, kan ons voor die kruis en by die gebruik van brood en wyn, nie anders as om dankie te sê, te dink en te leef nie.

Ons dankie bestaan uit bekering, goeie werke, woorde en gebed.

**Bekering**
Here U het U alles gegee. Uit dankbaarheid gee ek ook my alles. Ek gee in geloof myself as ‘n lewende en heilige dankoffer wat vir U aanneemlik is.

Ons gee onsself, ons kragte en gawes as 'n dankoffer aan God sodat Hy geëer en my medemens gedien word.

Ons sê dankie met **woorde.**
In die Die Heidelbergse Kategismus staan daar dat gebed die vernaamste deel van ons dankbaarheid is. Ons dank die Here ook met die liedere wat ons sing en ons getuienis.

Ons sê dankie met **werke.**
Ons dien mekaar in liefde. Met ons dade, toon ons dat ons dankbaarheid eg is!

Ek wil almal uitnooi om vanaand weer, in die besef van die verwoestende gevolge van sonde, voor die kruis te kom staan en saam uit te roep: "HERE, red my/ons tog!"
Dan eet ons die brood en drink die wyn en weet dat die Here in kruisgroot liefde ons verlos het. Niks wat ons verkeerd doen of reg doen, kan iets hieraan verander nie.

Daarom stap ons hier uit met ‘n onbeskryflike GROOT DANKIE!
Amen